



...vir 'n Koninkryksperspektief

Mat 4:12-17; Mat 6:25-34; Mat 13:31-33

Ons het die reeks *Saam geroep* begin om te praat oor *Saam geroep om KERK te wees*. Interessant dat Jesus nooit die woord *kerk* gebruik het nie. Jesus se sentrale fokus, die metafoor wat Hy gebruik om oor die kern van sy hierwees te praat, was *die Koninkryk van God* of soos Matteus dit noem, *die Koninkryk van die hemel*.

Die *Koninkryk van God* is al in die verlede misverstaan as 'n beloningstelsel vir hulle wat goeie diens hier op aarde verrig het, iets waarna toegewyde christene uitsien – amper soos 'n ontsnappingsroete uit hierdie wêreld na 'n ander utopia. Die *Koninkryk van God* is egter nie iets waarheen jy ontsnap, of waarheen jy eendag gaan nie, die *Koninkryk van die hemel* is juis iets wat deurbreek, wat aarde toe kom en wat Jesus deur sy lewe kom beliggaam.

Wanneer Jesus sy dissipels leer bid, bid Hy . . . *laat U koninkryk kom*. Hierin bevestig Hy dat dit iets is wat ín hierdie wêreld kom en gebeur.

Mense bou aan hulle eie koninkryke, en dink soms dat dit baie groot is. Hulle misbruik dan ook hulle mag om te oorheers en ander in hulle mag te kry. My

koninkryk kan egter in 'n oogwink uitgewis word. Die *Koninkryk van God* is ewig en bly vir altyd staan.

Wanneer ons bid *Laat U Koninkryk kom*, bely ons in dieselfde asem: *Here, ek laat los, laat gaan my eie koninkryk* – my selfgemaakte koninkryke van

- Afrikanerskap
- NG Kerk, Katoliek, Anglikaan of Shofarian
- Van wit wees/swart wees
- Koninkryk van my maatskappy, my skool, my span
- Koninkryk van my navorsing

Die ironie is dat al bou ons hoe hard aan ons eie koninkryke, dit maar baie klein is – dis hier om my, waar ek kan sien, my wêreldjie wat soms baie klein en eng kan wees. Wanneer Jesus sy eerste openbare optrede het in Mat 4:12 en die mense oproep: *Bekeer julle want die Koninkryk van die hemel het naby gekom*, bring Hy 'n nuwe perspektief. Hy wil mense help om anders te kyk, om die groter prentjie te sien. Hy doen dit deur intensioneel uit te beweeg, weg van sy geboortedorp waar almal vir almal geken het en God net die God van die Jode was. Hy gaan na die gebied van Naftali en Sebulon in Galilea.

Reeds in die Ou Testamentiese tyd het hierdie gebied 'n gemengde bevolking

gehad: daar was Arameërs, Arabiere, Feniciërs en Grieke. Wanneer Jesus hiér die Koninkryk van God aankondig, kom verruim Hy die perspektief van die dag: *God is nie net die God van die Jode nie, Hy is ook die God van die heidene, van almal.*

Reeds in die 2de eeu nC het die Christene die kerk *Katolieke* genoem – wat beteken *algemeen, vir almal*. Dit is wat ons steeds deur die eeue bely in ons Apostoliese Geloofsbelydenis:

Ek glo aan 'n heilige, algemene (katolieke), Christelike kerk . . .

. . . met ander woorde om God raak te sien anderkant entniteit, taal, denominasie, volk en kultuur. Richard Rohr vat dit nog verder wanneer hy sê *om God anderkant verskillende godsdienste raak te sien*.

Ons sukkel om hierdie belydenis konsekwent uit te leef. Ironies dat wanneer ons eie wêreld, ons eie koninkryke vir ons belangriker raak, dit ook meer kommer bring. Ons wil alles doen om dit te beskerm. In Mat 6:25-34 roep Jesus ons juis op om eerder sy Koninkryk te soek, en te waag om ons s'n te laat gaan. Die verrassende gebeur dan: *Ons kom agter Hy sorg en dat alles eintlik aan Hom behoort, en Hy ons sal gee wat ons nodig het en nog meer.*

Nog 'n perspektief op die Koninkryk kom uit Mat 13:31-33, en dit is dat as ons die

Koninkryk van God begin soek, die oënskynlike kleinste, onbenulligste, wat ons soms nie eers kan raaksien nie, groter raak en 'n verskil maak en bring.

Die mostertsaad word 'n groot boom, die suurdeeg deursuur alles en laat die brood rys. Wanneer ons ons koninkryke laat los, gebeur die wonder dat God selfs deur ons sy Koninkryk laat kom.

Om oor na te dink en te gesels

- Dink na oor Cynthia Bourgeault se opmerking oor die Koninkryk en spesifiek waarvoor dit jou wakker maak, laat *opstaan*: “The Kingdom of heaven is within you. It’s not later, but *lighter*. *You don’t die into it; you awaken into it.*”
- Jim Marion maak die opmerking dat die Koninkryk van die Hemel *is a state of consciousness; it is not a place you go to, but a place you come from*. Dit help jou dus om anders na die wêreld te kyk, 'n getransformeerde bewussyn. Hoe kan so 'n perspektief ons help om met hoop te leef?

Moeder Teresa het gesê: *Calcutta is oral om ons, as ons maar net oë het om te sien*. Ek dink wat sy eintlik wou sê is: *God is oral om jou, maak jou oë oop om Hom te sien*.